Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2024-07-12

Liewe Ouers

Welkom terug na die vakansie. Ons hoop al die Klein Lochies is ook bly om terug te wees. ‘n Spesiale verwelkoming aan al ons nuwe maats wat hierdie kwartaal begin het! Ons hoop julle gaan baie gelukkig wees.

EKSTRA KLERE
Sal u asb. so gaaf wees om ‘n ekstra stel wintersklere in u kind se tas te plaas. Met die reënweer is daar meer gevalle van kleuters wat nat raak en dan wil ons dit graag vervang met droë klere.

GRAAD R-INLIGTING:

UITSTAPPIE na GIRAFFE HOUSE: VRYDAG 19 JULIE
Ons beoog om op 19 Julie ‘n uitstappie na Giraffe House te onderneem. Ons gaan van busvervoer gebruik maak. Kostes beloop **R150 per kleuter**. Die groot busse raak baie duur, maar dit sal ons enigste uitstappie met die bus vir die jaar wees.

Reëlings rakende die uitstappie:

- Bus vertrek stiptelik om 08:00 vanaf Klein Lochieland en sal betyds terug wees vir buitemuurse aktiwiteite. Kleuters moet asseblief **betyds** afgelaai word!
- Kleuters moet asb. hul skoolhempies of skool “fleecy tops” dra, gemaklike, toe skoene (waterstewels) en ‘n warm baadjie. Dit is baie nat en modderig daar hierdie tyd van die jaar.
- Kos en koeldrank moet asb. in ‘n **weggooibare**, **duidelik gemerkte** plastieksak verpak word. Moet asb. nie méér kos as normaalweg inpak nie, want die kleuters eet nie meer tydens ‘n uitstappie nie.
- Voltooi asb. die Google-vorm wat u gaan ontvang per WA om toestemming te verleen.

Ons tema vir die week is:		**WILDE DIERE**
Ons persepsies is:		Getal: **7, sewe en sewende**
		Klank: **v-klank**
Assessering:		**Klap lettergrepe** **Hand-oog koördinasie**
Oefen:		**Ken adres** (straat, nommer en dorp, asb.) **Ken 1 ouer se selnommer**
Maandag	15 Julie:	***Onthou ALLE rapporte en koeverte asb.*** ***Bring prente wat met ‘n v-klankie begin, asb.***
Dinsdag	16 Julie:	Bak-en-Brou: ‘n Leeu
Woensdag	17 Julie:	***Laaste dag vir uitstappiegeld: R150-00***
Donderdag	18 Julie:	Ons collage ‘n tierprent
Vrydag	19 Julie:	***UITSTAPPIE NA GIRAFFE HOUSE!***

GRAAD RR-INLIGTING:

MARKDAG: VRYDAG 19 JULIE

Om by ons tema *Geld en inkopies* aan te pas, wil ons graag op Vrydag 19 Julie ‘n Markdag hou. Kostes beloop R40-00 per kleuter. Stuur die korrekte bedrag asb. in ‘n toegeplakte koevert met u kleuters se naam daarop skool toe. Die kleuters gaan die geleentheid kry om elkeen “self” items te koop en te verkoop. Die items word deur die skool verskaf.

Ons tema vir die week is:		**GELD EN INKOPIES**
Ons persepsies is:	Getal:	**2**
	Klank:	**b-klank**
	Kleur:	**Groen**
	Vorm:	**Vierkant**

Maandag	15 Julie:	***Onthou ALLE rapporte en koeverte asb.***
Dinsdag	16 Julie:	Ons maak ‘n beursie
Woensdag	17 Julie:	Ons maak ‘n reënboogprent
Donderdag	18 Julie:	Ons maak ‘n mandjie vir markdag
Vrydag	19 Julie:	***MARKDAG BY DIE SKOOL!***

Geniet die naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel